

Hoofstuk van die dag: Ester 5

> *… as die koning my goedgesind is, en as die koning dit goedvind om aan my wens te voldoen en my versoek toe te staan, kom dan môre saam met Haman na die maaltyd toe wat ek vir u sal berei. Dán sal ek my wens aan die koning bekend maak. (vers 8)*

’n Mens sou seker kon sê dat Ester die tweede banket wou hou

om die spanning op te jaag. Ek dink egter dat die uitstel van haar versoek eerder die antwoord op haar en die ganse volk se vas en gebede was. Sy was oorgehaal om met die hele sak patats uit te kom (vers 7), maar iets (Iemand!) hou haar terug, en sy besluit om nóg ’n ete te gee. Deur haar vas en toewyding op God was sy sensitief vir sy leiding in haar lewe.
Die ekstra dag het uiteindelik ’n dramatiese effek op die verloop van die gebeure gehad. ’n Hele paar goed gebeur voor die volgende ete, waardeur die bordjies verhang word en Haman se ware kleure sigbaar word.
By monde van Jesaja (Jes 30:15) het God gesê: “Julle krag lê in stil wees en vertroue hê.” Dis wat Ester gedoen het. Ek en jy moet ook.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026